**HOËRSKOOL STRAND**

# BELEID TEN OPSIGTE VAN GEVAARLIKE WAPENS, ROOK EN BEDWELMENDE STOWWE

## INLEIDING

Die skoolgemeenskap van Hoërskool Strand het na ŉ beheerliggaambesluit die volgende riglyne en beleid neergelê na oorweging van die Skolewet Wet 84 van 1996 en verskeie nasionale en provinsiale verordeninge van die onderskeie onderwysministers:

- Kennisgewing 3427 Staatskoerant 24172 van 13/12 / 2002 Nasionale onderwys: dwelmbeleid
- Kennisgewing 1140 Staatskoerant 31417 van 19/9/2008 - Toestelle en Prosedure: dwelmtoetsing
- Kennisgewing 1040 Staatskoerant 22754 van 12/10/2001 soos gewysig R 1128 Staatskoerant 29376 van 10 / 11 / 2006 - Veiligheidsmaatreëls regulasies
- Kennisgewing 776 Staatskoerant 18900 van 15/5 /1998 - Riglyne vir beheerliggame

Hierdie beleidsdokument moet gelees word saam met die *Gedragskode vir leerders* van die Hoërskool Strand.

Die beheerliggaam het volle begrip daarvoor en aanvaar dat die gebruik van bedwelmende stowwe ŉ al groter probleem binne die breër gemeenskap waarbinne die skool funksioneer, raak.

Verder word dit ook aanvaar dat die skool primêr ŉ opvoedingsfunksie het om te verrig en dat díe doel net volkome bereik kan word in ŉ dwelm- en alkoholvrye en veilige omgewing.

Gevolglik en in ooreenstemming met die Nasionale Onderwysbeleid is Hoërskool Strand ŉ rook,- dwelm- en alkoholvrye en veilige omgewing, waar geen bedwelmende stowwe of gevaarlike wapens toegelaat word nie.

## 1. GEVAARLIKE WAPENS

1.1 In ooreenstemming met die bepalings van die *Gedragskode vir leerders* is dit verbode vir leerders om enige gevaarlike wapen te besit of te gebruik of iemand daarmee te dreig. Leerders mag gevolglik nie in die besit van gevaarlike wapens by die skool of by enige skoolfunksie wees nie.

1.2 Gevaarlike wapens word in die gedragskode omskryf as: enige wapen of toestel wat gebruik kan word om liggaamlike beserings toe te dien of wat tydelike verlamming of bewusteloosheid kan veroorsaak of wat skade aan eiendom kan veroorsaak. Sonder om beperkend te wees is gevaarlike wapens nie net messe, byle of swaarde nie, maar ook pepersproei of traangas, skokstokke, ninja-sterre of stokke en klappers.

1.3 Die skoolhoof of gemagtigde mag egter voorwaardelike toestemming aan ŉ leerder verleen om wel sekere gevaarlike wapens te mag besit.

1.4 Leerders wat die reëls oortree, sal hulself blootstel aan ŉ wangedragondersoek en verhoor waar daar ook gekyk sal word na die rede waarom die leerders die wapen besit het.

## 2. ROOKBELEID

2.1 Die goedgekeurde *Gedragskode vir leerders* bepaal dat geen leerder enige sigarette of tabak in sy/haar besit mag hê nie. Leerders mag ook nie op die skoolgrond of op enige ander plek waar hulle in volle of ŉ deel van hul skooluniform geklee is, rook of in die teenwoordigheid van rokende leerders wees nie.

2.2 Hierdie rookbeleid is in ooreenstemming met regulasie 13 van die Nasionale Onderwysbeleid aangaande dwelms, asook regulasie 4 (4) Veiligheidsmaatreëls.

2.3 Daar sal teen leerders wat nie gehoor gee aan die bepalings in terme van die gedragskode nie, opgetree word.

2.4 Enige sigarette, tabak en selfs sogenaamde elektroniese sigarette sal afgeneem word indien dit in ŉ leerder se besit gevind word.

2.5 Dit is onwettig en moet vernietig word sodat dit uit die sisteem verwyder word.

## 3. ALKOHOL- EN DWELMBELEID

3.1 Geen leerder van die skool mag enige dwelmmiddel of vorm van alkohol in sy besit hê, dit gebruik of aan ander leerders verskaf nie.

3.2 Behalwe die besit is dit ook ŉ vorm van ernstige wangedrag as leerders onder die invloed van dwelmmiddels of alkohol is.

3.3 Die gebruik van verbode stimulante soos steroïde op die skoolgrond word ook as wangedrag gesien.

3.4 Leerders kan vir hierdie vorme van wangedrag aanspreeklik gehou word as dit op die skoolterrein plaasvind, maar ook tydens 'n skoolaktiwiteit weg van die skool. Ook waar leerders in die skooluniform geklee is of 'n deel daarvan dra in so 'n mate dat die persoon as 'n leerder van die skool geïdentifiseer kan word.

3.5 Verder sou dit ook as ernstige wangedrag beskou word as 'n leerder onder die invloed van bedwelmende middels by die skool of by enige skoolaktiwiteit opdaag (geen alkohol mag wettiglik aan 'n minderjarige verskaf word nie, ook mag geen persoon wettiglik verbode dwelmmiddels besit of gebruik nie).

3.6 Enige leerder wat positief vir alkohol of 'n verbode dwelmmiddel toets, sal onder die invloed daarvan wees vir doeleindes van die gedragskode.

3.7 Weens die skool se verhouding met sy leerders sal dwelm- en alkoholoortredings as wangedrag hanteer word en geen leerder sal deur die skool as gevolg van dwelmgebruik (positiewe toetsuitslag) of waar leerder in besit van dwelmmiddels gevind word deur die hoof of enige opvoeder, aan die polisie oorhandig word nie. (In ooreenstemming met Art 8A (14) Wet 84 van 1996 (Skolewet)

3.8 By dwelm- en alkoholgebruik is dit noodsaaklik om te onderskei tussen verskillende grade van oortredings juis as gevolg van die opvoedingsfunksie van die skool.

3.8.1 Dit is noodsaaklik om te onderskei tussen gevalle waar leerders met bedwelmende stowwe skool toe kom met die doel om dit aan medeleerders te verkoop of te verskaf en gevalle waar leerders as gevolg van groepsdruk dalk onder die invloed van bedwelmende stowwe by die skool opdaag.

3.8.2 Ook is dit van groot belang wat die vlak van verslawing is, moontlikheid of gewilligheid om te rehabiliteer asook die effek van die gebruik wat al in leerder se gedrag gemanifesteer het.

3.9 As leerders en/of hul ouers die skool om hulp met 'n verslawende probleem nader (voordat 'n leerder betrap is weens enige dwelmverwante oortreding ), sal dit nie teen die leerder gehou word nie en sal die leerder nie weens wangedrag aangespreek word nie. Die leerder sal in so 'n geval sover moontlik deur die skool op die pad na herstel ondersteun word deur byvoorbeeld inligting met betrekking tot berading en professionele hulp te verskaf, leerder te help om 'n rehabilitasieprogram te volg en terselfdertyd sy skoolloopbaan voort te sit.

3.10 Waar moontlik kan die skool d.m.v. die skoolvoorligter en ouerkorps die leerder bystaan met berading en ook toesien dat die leerder op datum bly met huiswerk deur die nodige werk aan hom/haar te verskaf.

3.11 Indien daar op redelike gronde vermoed word dat ŉ leerder onder die invloed van enige verdowende stowwe is, mag die skoolhoof of ŉ gevolmagtigde gelas dat daar ŉ toets op die leerder gedoen word soos dit bepaal word deur die Skolewet. Die prosedure en toetse, soos bepaal deur die Skolewet, moet gevolg word. Hierdie toets kan as aanduiding gebruik vir verdere toetse of verdere optrede.

3.12 Ouers sal na afloop van toets deur die skoolhoof of sy gevolmagtigde in kennis gestel word van die uitslag van die toets, hetsy dit positief of negatief was.

3.13 Indien die leerder of sy ouers egter sou weier dat die voorgeskrewe toetsing ondergaan word, kan die skoolhoof die aangeleentheid na die owerhede verwys vir optrede (Departement van Gesondheid en die Suid-Afrikaanse Polisie, die ACVV). Sien in hierdie verband Reg 3 gelees met Bylae B van Toestelle en Prosedure Dwelmtoetsing.

3.14 Waar die leerder getoets word en die uitslag ŉ positiewe resultaat lewer, sal die ouer van die leerder aanspreeklik wees vir die koste van die toetse en ŉ wangedragondersoek sal volg. Sanksies wat na die wangedragondersoek opgelê kan word kan verpligte berading by beraders soos deur die skool voorgestel, insluit. Die ouers sal vir die koste hiervan aanspreeklik wees.

3.15 Indien die leerder egter negatief toets, sal die skool aanspreeklik wees vir die koste daarvan.

3.16 Indien daar redelike gronde bestaan vir die skoolhoof dat ŉ leerder dwelms of alkohol in sy besit het, mag die skoolhoof of die gemagtigde persoon namens die skoolhoof die leerder deursoek op die wyse en volgens die prosedure voorgeskryf in die Skolewet (Art 8A gelees met Reg 4 van Veiligheidmaatreëls). Indien die leerder egter weier om deursoek te word kan die skoolhoof die aangeleentheid na die owerhede vir optrede verwys.

3.17 Enige dwelmmiddels wat tydens sodanige deursoeking gevind word, sal na die naaste polisiekantoor geneem word en ingehandig word ooreenkomstig Art Wet 84 van 1996. Geen klagte sal by die polisie aangemeld word nie, maar daar sal teen die leerder in wie se besit die dwelms gevind is, opgetree word in terme van die gedragskode – ŉ wangedrag-ondersoek sal volg.

3.18 Leerders in wie se besit dwelms of alkohol gevind is, mag geneem word vir toetsing om te bepaal of hulle ook onder die invloed van dwelms of alkohol is.

## 4. ONDERSKOEKE: WANGEDRAG

4.1 Indien daar beweer word dat leerders hul skuldig gemaak het aan ernstige wangedrag, sal daar ’n wangedragondersoek gehou word in terme van die gedragskode. Die verhoorpaneel sal soos by elke ondersoek alle toepaslike faktore in aanmerking neem en elke saak sal op eie meriete beoordeel word.

4.2 By veral dwelm- en alkoholoortredings sal daar veral gelet word op hervorming en korrektiewe maatreëls en wat die skool gedoen het om hulp aan die leerders te verskaf (indien die skool bewus was van ’n probleem) asook of daar by die leerder ’n ware wil tot rehabilitasie is.

4.3 Waar leerders egter ander leerders benadeel deur aan hulle dwelms en/of alkohol te verskaf of aan hulle verkoop, sal faktore soos hervorming en rehabilitasie op die agtergrond tree.

4.4 Waar leerders by herhaling by sake met dwelms, gevaarlike wapens en soortgelyke sake betrokke is en onderwerp was aan wangedragondersoeke, sal die sanksie wat opgelê word, die skool se erns om ’n veilige skoolomgewing te verseker, weerspieël.

GETEKEN TE ……**Strand**……OP ………………………………………2016.

____________________________ ____________________________

VOORSITTER SKOOLHOOF